

Die Tuli-beesras presteer op talle gebiede

Klimaatsverandering is nie meer slegs 'n gonswoord nie. Suid-Afrika, Namibië en Botswana het die afgelope somer die werklikheid van dié verskynsel ervaar. Die Tuli-beesras staan bekend as een van die mees wingewende beesrasse op veld, veral onder ekstensiewe toestande. Dié ras presteer egter ook op verskeie ander gebiede. Huidige rasgetalle word in *Tabel 1* aangedui.

Tabel 1: Vroulike diere.

Tipe diere	Getalle
Basiese diere (BS)	290
A-diere	588
SP-diere	5 710
Ander	824
Totaal	7 412
Totaal kalfboek: Diere	4 606

Tabel 2: Enkele produksiesyfers soos weerspieël in die Tuli-jaarverslag.

Eienskappe wat produksie beïnvloed	Produksiesyfers
Tussenkalfperiode (TKP)	397 dae
Ouderdom met eerste kalwing (OEK)	35 maande
Geboortegewig	33kg

Hoewel die Tuli by uitstek 'n veldbees is, het navorsing getoon dat dié ras ook in intensiewe groeitoetse baie goed presteer. Die ras het ook 'n relatiewe lae geboortegewig (sien *Tabel 2*) wat hom uiters geskik maak vir kalfgemak en in

Tabel 3: Kalfpersentasie van die rasse wat in die Botswana-navorsing gebruik is.

Ras	Aantal koeie	Kalfpersentasie
A	3 591	67,5
B	288	82,9
C	614	72,2
Tswana	1 106	80,0

Tabel 4: Produksie van speen tot 18 maande.

Ras	Aantal diere	Speengewig (kg)	Aantal diere	Gewig op 18 maande	% vrektes	Toename (kg)	% toename op speengewig
Tuli	1 063	175,8	1 007	287,2	5,3	111,4	6,5
Tswana	1 433	179	1 310	293,5	8,5	114,5	6,4



Foto verskaf deur Amelia Tuli's

enige kruisteelprogram. Kalfgemak maak die ras ideaal vir vandag se beesboerdery-omstandighede, waar insetkoste ononderhandelbaar is.

Insiggewende navorsing

Baie interessante inligting het na vore gekom in navorsing wat jare gelede deur die Botswana Diereproduksie- en Navorsingsinstituut met verskeie *Sanga-* en *Bos Indicus*-rasse gedoen is. Die diereproduksie- en plaasnavorsing in Botswana is oor 'n tydperk van tien jaar gedoen en 'n paar van die sleutelbevindinge word in *Tabelle 3* en *4* getoon.

Die reproduksie, lewensvatbaarheid en groeieresultate is gekombineer om 'n produktiwiteitsindeks vir die rasse in die proefneming te bereken, soos in *Tabel 5* geïllustreer.

Dié navorsing dui op 'n baie sterk verbintenis tussen die kalfpersentasie en produktiwiteit. Verder wys dit dat 'n lae kalfmortaliteit baie belangriker vir die algehele produktiwiteit is as slegs die kalweroes se gemiddelde gewig.

Koeie (gewigte en prestasie)

Die Tuli is 'n mediumraamras met koeigewigte wat tussen 420 en 460kg wissel. Die ras se koeidoeltreffendheid is uitstekend en verskeie telers kry verhoudings van 50 tot 60%. **VP**

Tabel 5: Produktiwiteitsindeks van die rasse in die proefneming.

Ras	Kalfpersentasie	% vrektes tot 12 jaar	Gewig op 18 maande	Gewig van 18 maande kalf/koei/jaar	Indeks
Tuli	86,6	7,2	287,2	230,8	109
Bonsmara	82,9	17,5	315,4	215,7	101
Tswana	80	9,4	293,5	212,7	100
Brahman	72,2	18,6	308,6	181,4	85
Afrikaner	67,5	13,5	278,1	162,4	76

Vir meer inligting, skakel die Tuli Beestelersgenootskap van Suid-Afrika by 051 410 0958 of besoek die webtuiste www.tulicattle.co.za.